Die Afrikaner
Sedert 1970
R15
Bedryfskoste per eksemplaar
admin@hnp.org.za
Tel. 079 752 4898
Nr 2235 26 Julie 2024

Steenhuisen bewys dit:

Geen verskil tussen ANC en DA

Die niksseggende verskil tussen die “beginsels” van die ANC en sy skoothondjies in die sogenaamde Regering van Nasionale Eenheid (RNE), het sommer vroeg-vroeg geblyk toe die minister van landbou en DA-leier, John Steenhuisen, sy begrotingsrede gelewer het.

Toe dit geblyk het dat hy feitlik ANC-beleid verkondig, het TLU SA en ander landbou-rolspelers, hom dadelik tot orde geroep. “Beginsels wat onder ANC-bestuur onaanvaarbaar was, is nie skielik nou aanvaarbaar net omdat dit nou onder DA-bestuur is nie. Boere verwag van landbouminister, John Steenhuisen, om reg te maak waar die ANC met ‘n vernietigende ideologiese inslag landbou van die spoor af laat loop het,” was TLU SA se reguit kommentaar oor Steenhuisen se toespraak.

Steenhuisen het hom gunstig uitgespreek ten opsigte van die sogenaamde landbou meesterplan, wat deur die ANC en AgriSA opgestel is. TLU SA, SAAI, die Landbou Werkgewersorganisasie (LWO) en andere het hulle teen dié plan uitgespreek omdat dit gebou is op transformasie, terwyl die begrip transformasie nog nooit behoorlik gedefinieer is nie. Alles wat onder die ANC se transformasie deurgeloop het, bestaan nie meer nie of is disfunksioneel, en landbou kan dit nie bekostig om dieselfde paadjie te loop nie.

"Suid-Afrikaanse kiesers het dit tydens die verkiesing duidelik gemaak dat die ANC se koers nie aanvaarbaar is nie. Daar is groot kommer indien die Regering van Nasionale Eenheid (RNE) gaan voortgaan op die vernietigende pad van die ANC se beleidsrigting," sê mnr. Bennie van Zyl, hoofbestuurder van TLU SA. "Steenhuisen moet die landbou-omgewing met ‘n vars bries rig met die regte ekonomiese beginsels – dit is wat Suid-Afrika nodig het."

TLU SA beskuldig Steenhuisen daarvan dat sy persepsie dat die Landbou Meesterplan wye inkoop in die sektor geniet, oningelig en vals is. “Daar was niks inklusief aan die skryf van die plan nie, en buiten diegene soos familieboere, wildboere, landbouwerkgewers en verbruikers wat moedswillig uitgesluit was, is sommige deelnemers soos TLU SA op 'n laat stadium uitgeskuif omdat dié landbou-organisasie die implementering van transformasie as kaderontplooiïng bevraagteken het.

“Geeneen van hierdie belangegroepe of organisasies dien op enige van Steenhuisen se Waardeketting Ronde Tafels nie, en nog minder op die AAMP Oorsig Uitvoerende Komitee. Daar is ook geen aptyt om 'n plan te implementeer waarin transformasie belangriker as winsgewendheid, volhoubaarheid of doeltreffendheid is nie,” sê mnr. Van Zyl.

“Ons wou grondige verandering hê, en nie net 'n versuikerde weergawe van die ANC se ideologie nie.

“Boere in Suid-Afrika moes oor 30 jaar leer om die ANC te oorleef en sonder 'n funksionele departement klaar te kom. Die blok van organisasies wat deur die ANC uitgesluit was, en derhalwe begin het om 'n alternatiewe, meer markvriendelike meesterplan te skryf, sal voortgaan om self staatsbestande strukture en geleenthede te skep, en druk op die departement te plaas om 'n beleidsomgewing te ontwikkel waarin kleiner en medium boere winsgewend kan boer,” sê TLU SA.

(Vervolg op bladsy 10)

WERDA GASTEHUIS
Upington akkommodasie

Perfek vir ’n blaaskans op pad na Namibië of Namakwaland. Ons bied billike selfsorg-akkommodasie vir enkelinge tot gesinne van 6. Alle kamers is toegerus met lugverkoeling, DStv, ’n klein kombuisie met yskas, mikrogolf en ketel. Eetgerei, linne en handdoeke word voorsien.

Normale prys: R400 vir 2 persone - spesiale afslag vir lesers van ***Die Afrikaner.***

082 338 0934 / admin@werdakamers.co.za

Die Redakteur

Dit bly ‘n ANC-regering!

Daar word veral in linkse kringe groot gewag gemaak van die sogenaamde “Regering van Nasionale Eenheid”.

Dit is ‘n absoluut misleidende term. Kom ons gaan net weer terug na die verkiesing.

Net na die verkiesing, het ***Die Afrikaner*** die volgende ontleding gedoen: “In die pas afgelope verkiesing het sowat 26,61 persent van die stemgeregtigde bevolking nie gestem nie, maar die ANC, wie se steun gesak het tot minder as 6,5 miljoen stemme, gaan steeds weer die regering vorm en sy mislukte leier, Cyril Ramaphosa, sal waarskynlik weer president van die land wees.

“Volgens Statistieke SA was daar in 2022 ongeveer 42,69 miljoen mense in die stemgeregtigde ouderdomsgroep van 18 jaar en ouer. Van hulle het slegs 27,78 miljoen moeite gedoen om te registreer. En met die powere kiesersopkoms van net 58,64% by die stembus, die laagste ooit in die nuwe bedeling, beteken dit dat 16 291 516 stemme uitgebring is, waarvan 213 423 bedorwe briewe was, wat dui op ‘n groot protesstem.

“Van die 16 078 093 geldige stemme, het 9 618 401 mense NIE vir die ANC gestem nie.”

En verder: “Die meer as 26,6 miljoen mense wat nie gestem het nie, is net ‘n kortkop agter die totale aantal geregistreerde kiesers van 27,8 miljoen.

Dit is duidelik dat enige regering wat gevorm gaan word, nie die steun van die meerderheid het nie, en hoe lank gaan so ‘n ongelyke situasie volhoubaar wees?”

Daarna het die ANC die DA behoorlik politieke ore aangesit toe dit kom by die samestelling van die regering. In plaas daarvan om die kabinet te verklein, soos Ramaphosa lank gelede belowe het, het hy die kabinet vergroot. Hy het nie die DA die aantal kabinetsposte gegee op ‘n pro rata-basis volgens die uitgebragte stemme nie. Hy gee hulle minder, en vergroot die kabinet om die ANC se rol te verstewig, en om moontlike kritici se monde stil te maak. Hoe kan byvoorbeeld iemand soos dr. Pieter Groenewald van die VF Plus nog ooit kla oor die lomp en duur kabinet? Na aanleiding van die VF Plus se powere vertoning by die stembus, het dié party geen enkele aanspraak op enige pos gehad nie. Tog word Groenewald ‘n minister, en nogal van ‘n nuut geskepte ministerie. Korrektiewe dienste was voorheen saamgevoeg met Justisie.

Netso het die PAC, UDM en GOOD geen werklike aansprake op kabinetsposte gehad nie. Selfs PA se moontlike aansprake is debatteerbaar.

Twee partye wat baie meer steun gehad het en aansprake sou kon maak, is Zuma se MK-party, en Malema se EFF, alhoewel laasgenoemde ook verliese by die stembus getoon het.

As daar dus weer gekyk gaan word na die uitslae, is dit daar meer mense nie vir die ANC gestem het nie, as wat wel vir hulle gestem het. Trouens, as die stemme van al die deelnemende partye wat Ramaphosa ‘n sagte kussinkie in sy kabinet gegee het (met ruim besoldiging en byvoordele...) bymekaar getel word, en opgeweeg word teen die ander stemme, EN die wegblystem, die bedorwe stembriewe en diegene wat nie eens geregistreer het nie, maak hierdie sogenaamde RNE geen meerderheid uit nie.

Om van nasionale eenheid te praat, is linkse en opportunistiese fopnuus, om, net soos toe Ramaphosa by Zuma oorgeneem het as president, die valse verwagting te skep dat dinge nou beter sal gaan.

John Steenhuisen het as minister van landbou reeds bewys dat dinge nie gaan verander nie. ANC-beleid word deurgevoer. Binne die kabinet het die ANC 70% van die verteenwoordiging – dit is meer as ‘n tweederde meerderheid. Nou is die gemoedere nog gemoedelik. By die sogenaamde kabinet “lekgotla” was dit blykbaar hand om die nek tussen al die rolspelers. Wat daarbinne gebeur het, word hermeties dig gehou vir die kiesers, maar die feit dat die ANC tevrede was met daardie byeenkoms, beteken dat die ANC sy sin gekry het in terme van breë beleid.

Hierdie is dus geen eenheidsregering nie. Dit is ‘n ANC-regering waarin ander partye verdra word, solank hulle hul gedra volgens ANC-voorskrifte, en in ruil daarvoor, is hulle gekoop met status, salarisse en byvoordele.

Prof. Koos Malan noem hierdie sameraapsel tereg ‘n Veelparty Regering (VPR). Maar waar die ANC in hierdie VPR 70% seggenskap het en dus steeds kan doen wat hy wil, is en bly doodgewoon ‘n ANC-regering, en niks minder nie.

Kom ons hoop dat die RNE oogklappe van die linkses en opportuniste se oë sal laat afval en die bewind sien vir wat dit is: ‘n ANC-bewind wat steeds vir die Afrikaner niks goeds gaan inhou nie.

Hoe verstaan ons Afrikaner-identiteit vandag? (Slot)

Hierdie is die laaste aflewering in die reeks onder bogenoemde opskrif.

Die oorsprong van hierdie geskrif, het ontstaan uit ‘n video-opname wat deur dr. Ernst Roets van Afriforum gemaak is en op sosiale media versprei is.

Mnr. Meinhard Peters het breedvoerig op die video geantwoord, en dit gepubliseer in Tafelgesprek, ‘n publikasie van die Instituut vir Kultuur en Geskiedenis, en mnr. Peters het goedgunstig ingestem dat *Die Afrikaner* dit kan oorneem. Die volle stuk word hiermee gepubliseer.

Intussen het dr. Roets aangedui dat sy antwoord op hierdie stuk aan mnr. Peters privaat is en dat hy dit nie gepubliseer wil hê nie.

Mnr. Meinhard Peters

”Die toekoms van Wes-Europa word in Suid-Afrika geskryf...”

Dr. Ernst Roets

Dr. Ernst Roets (**ER**): **David Bencsick sê**: Ons Boere-broers wat geografies nie verder weg van ons kan wees nie, maar geestelik nader aan ons is, **bou die toekoms van hul mense**, in weerwil van die openlike vyandigheid van hul regering. Vir die onderdrukte en vryheidstrydende mense van die wêreld sê hulle: “Glo in God. Wees dapper. Maar moenie vergeet om te bou nie.” Die toekoms, d.w.s. kleuterskole, skole en maatskaplike instellings, moet met opoffering gebou word en **moet die belange van die gemeenskap eerste stel**. Die toekoms van Wes-Europa word in Suid-Afrika geskryf. As jy wil weet hoe die lewe oor ’n paar dekades in Europa gaan wees, kyk na Suid-Afrika, en onthou: Goeie tye kweek swakkelinge, swakkelinge kweek moeilike tye. Moeilike tye kweek sterk mense en sterk mense kweek goeie tye. Die Afrikaners wat ons vandag ken is daardie sterk mense wat in weerwil van die moeilike tye **goeie tye vir hulle nageslag** skep.

***Kommentaar**: Andermaal word die sentiment hierin vervat op prys gestel. Andermaal moet ons konstateer dat die Afrikaner sulke boodskappe regdeur die twintigste eeu ontvang het, te midde van ’n vyandige Westerse wêreld. Dit is onduidelik wat Bencsick presies bedoel wanneer hy sê kleuterskole, skole en maatskaplike instellings moet die belange van die gemeenskap eerste stel? Dit is onduidelik weens die onduidelike begrensing van die begrip “gemeenskap”. Ons merk op dat talle voormalige Afrikaanse skole en universiteite hulself reeds aangepas het by die veelrassige “gemeenskap” en by die ANC-regime se eise om toelatingsvereistes te verander.*

Om te sê ”die toekoms van Wes-Europa” word in Suid-Afrika geskryf mag goed klink, maar dit is ’n soort optimisme wat nie dikwels gehoor word nie. Wie glo dis waar? Wes-Europa kom nou eers uit by die besef dat multikulturele samelewings vol van konflikte is, dat die beleid om migrante van alle oorde in die wêreld te verwelkom grondig verkeerd was.

Wes-Europa word gekonfronteer met die problematiek wat Afrikanerleiers sedert 1948 baie goed verstaan het, en wat die motivering was vir die beleid van afsonderlike volkstate.

Lande in Wes-Europa:

- Oostenryk
- Duitsland
- België
- Frankryk
- Liechtenstein
- Luxemburg
- Monaco
- Nederland
- Verenigde Koninkryk
- Ierland
- Switserland

”Die laaste Westerse pioniers op die grens van beskawing...”

ER: **Gavin M Wax sê**: Die Afrikaners is van die laaste Westerse pioniers op die grens van beskawing. *Hulle onderhou die infrastruktuur wat deur hul voorvaders geskep is*, terwyl hulle voortdurend bedreig word deur die omringende, ongetemde mense en natuur. Hulle volharding en daaglikse stryd inspireer ons, terwyl ons ons deel van die ontwikkelde post-koloniale Weste bewaar.

> ***Kommentaar:*** *Hierdie opmerking is natuurlik veel eerder waar van die Afrikaners van die twintigste eeu as van die Afrikaners van die een-en-twintigste eeu. Die model van die drie-ledige identiteite wat deur Ernst Roets onderskryf word, word deur hierdie opmerking eintlik gerepudieer. Waarom? Die ernstige agteruitgang aan infrastruktuur (verstaan in die breedsmoontlike sin) wat deur ons Afrikanervolk se voorvaders geskep is, is oral sigbaar; die skade is enorm en in baie gevalle is dit onherstelbaar en finaal.*

” ’n Diep begrip van wie ons is en wie ons moet wees...”

ER: **Ryoji Fukazawa sê**: Die rede waarom ek so ’n diep respek vir julle, die Afrikaners het, is nie net dat die uitdagings wat die Afrikaners in die gesig staar algemeen in die Eerste Wêreld is nie, maar ook omdat ek voel **dat julle die antwoorde vir daardie uitdagings vind**. Ons moet verdraagsaam en oop wees vir ander, maar in die eerste plek is dit belangrik dat ons **’n diep begrip het van wie ons is en wie ons moet wees**.

Vanuit ’n globale perspektief, selfs in my tuisland, Japan, wat gelukkig was om relatief min invloed van radikale idees te hê, is **die kern van mense se identiteite** soos etnisiteit, godsdienstige gemeenskappe en plaaslike gemeenskappe verswak. Dit is duidelik deur nie net na die huidige situasie in Suid-Afrika te kyk nie, maar ook in die Verenigde State en Europa, dat daar geen geluk of vrede vir ons sal wees waar hierdie tendens voortduur nie.

Daarom was ek baie geïnteresseerd in die beweging van Afrikaners wat hierdie tendens probeer oorkom en **’n nuwe pad inslaan**. Ek ondersteun julle heelhartig. As ’n Japannese joernalis hoop ek dat julle beweging sal voortgaan om hoogs suksesvol te wees met ’n ingebore gees van selfstandigheid om standvastig nog ’n helder antwoord aan die wêreld te bied.

> ***Kommentaar:*** *In hierdie aanhaling is verskeie sake van belang. (1) Ryoji Fukazawa sien die kern van mense se identiteit in sake soos etnisiteit, godsdiens en die plaaslike samelewing of gemeenskap. Uiteraard beklemtoon dit die langtermyn-faktore wat die identiteit van volke daarstel. In die Afrikaners se geval is dit sonder twyfel etnisiteit soos vervat in ons Europese afkoms, ons ras-identiteit, ons taal, ons Protestantse godsdiens, die tradisies, gebruike en sosiale patrone wat tipies gevorm word in plaaslike gemeenskappe van Afrikaners, asook in die instellings wat oor meer as drie eeue deur Afrikaners opgebou is. Hierdie uitgangspunt spreek duidelik teen die gedagte van drie aparte onderskeibare identiteite, soos wat Boshoff en Roets aan die hand wil doen. (2) Ryoji Fukazawa sê dit is belangrik om ’n diep begrip van wie ons is en wie ons moet wees, te hê en te handhaaf. Kan ons eerlik sê dat Afrikaners in hierdie opsig besig is om sterker te word? Kan ons eerlik sê dat wanneer ons die Afrikaner se identiteit teoreties gaan opdeel in eerste, tweede en derde Afrikaners (asof identiteit geheel en al ’n plooibare begrip sou wees) dat ons dan bydra tot* ***’n diep begrip van wie ons is en wie ons moet wees****? Word hierdie vraag oor Afrikaners se identiteit nie voortreflik deur ons geskiedenis beantwoord nie? (3) Wanneer Ryoji Fukazawa verklaar dat Afrikaners ’n nuwe pad inslaan, is dit onduidelik waarna hy verwys. Diegene wat ’n nuwe pad ingeslaan het, weg van die Afrikaners se identiteit wat oor drie eeue gevorm en tot staal gegiet is, was* ***die verligte, liberale Afrikaners****. Die konserwatiewe, behoudende, volksgerigte Afrikaners het daarenteen nie ’n nuwe pad ingeslaan nie; hulle het hul aard en afkoms geëer, hulle het gestry vir behoud en die handhawing van Voortrekkerideale, hulle het die Afrikaner se Republikeinse tradisies voortgesit, hulle het steeds hulle Protestantse geloof uitgeleef. In kort: hulle het nie gewerk aan “nuwe identiteite” en “nuwe paaie” nie. Dit is die werklikheid wat ons steeds nie goed deurgepraat het onder ons Afrikaners nie. Daar lê ongelukkig ’n diep kloof tussen Afrikaners wat die uitgangspunt van Fukazawa deel, en Afrikaners wat hulself aangepas het by die norme van die Nuwe Suid-Afrika. Die volhardende, behoudende Afrikaners dra*

steeds die ideaal van Afrikanervryheid en -selfstandigheid na buite uit, terwyl die Derde Afrikaners onder andere die begrip "selfbeskikking" as "problematies" verklaar het.

Wat beteken dit vir ons vandag as ons sê dat ons 'n diep begrip nodig het van wie ons is en wie ons moet wees? Dit is tog wel al daardie dinge wat ons gevorm het deur ons afkoms uit die Europa, al daardie ervarings in Afrika vanaf die sewentiende eeu, die ervarings van die agtiende eeu, die stryd om selfstandigheid en vryheid in die negentiende eeu en die omvangryke politieke woelinge in die twintigste eeu. Dit het ons Afrikanervolk gevorm en gesmee. In die betrokke video-gesprek van dr. Ernst Roets word hierdie siening uiteindelik in die gelyk gestel, soos ons hierna sal sien.

"Ons word juis deur ons tradisie begeester..."

ER: In weerwil van **die moderne anti-beskawers** wat beskawing, kultuur, tradisie en alles wat daarmee gepaardgaan wil vernietig, word ons juis deur ons tradisie begeester. **Marcus Cicero**, een van die grondleggers van die Westerse tradisie, het gesê dat dit 'n mees eerbare ding is om die dinge wat ons van ons voorouers ontvang het, vir ons nageslag te bewaar en dat dit 'n mees skandelike ding is om dit nie te doen nie. **Edmund Burke** het gesê dat die samelewing 'n verbond is, 'n verbond tussen die wat vandag lewe, die wat reeds oorlede is en dié wat nog nie gebore is nie. En **Paul Kruger** het, soos ons weet, gesê dat ons die GOEIE en die SKONE in die verlede moet vind om daarop vir ons 'n toekoms te bou.

***Kommentaar**: Hierdie gedeelte van die video staan in skerp kontras met die inleiding en met baie van die stellings wat daarop volg. Dit som die uitgangspunt op dat identiteit heg verbind is met die verlede (daarom ook met die beskouings, strewes en die ideale van die verlede). Dit is nie 'n gesindheid wat net terugkyk nie, maar eintlik ook vorentoe kyk; en gevolglik is dit in elke opsig van aktuele belang. Kennelik is dit die geval by die konserwatiewe, nasionalistiesgesinde en volksgerigte Afrikaners van vandag – hoofsaaklik daardie Afrikaners wat in 1992 se referendum NEE gesê het vir FW de Klerk se beplande hervorming en sy pad van versmelting met die ANC-alliansie. 'n Regering van nasionale eenheid sou kwansuis tot stand kom. Die erfgename van die liberale, verligte dogma sal sterk verskil van bogenoemde stellings van Marcus Cicero, Edmund Burke en president Kruger. Volgens die verligtes moet die boeke van die verlede toegemaak word, om dit in die voormalige president, FW de Klerk, se eie woorde te stel.*

*'n Breë, volkswye Afrikanergesprek oor die toekoms kan goedskiks hierdie paragraaf van dr. Erns Roets **as 'n vertrekpunt** neem. Dit kan ons volk net ten goede strek as so-iets eendag moontlik sou wees en as basis van konsensus aanvaar sou word. Dan sal mens eerlik kan verklaar: **Ons word juis deur ons tradisie begeester**. Sodanige konsensus bestaan egter nie vandag nie, allermins onder die een-en-twintigste eeu se verligte Afrikaners.*

Moeg vir die stad en sy gejaag?

Breek weg vir 'n naweek, middeweek of vakansie by

Voorbegin Bosveldverblyf

Ongeveer 25km vanaf Warmbad, onder die pragtige Waterberge. Beleef die rustigheid van die pragtige Bosveld in ons volledig toegeruste selfsorg chalét, waar kleinwild hulle amper op jou braaiplek tuismaak, en waar ons die lekker Bosveldhout en tuisgebakte beskuit boonop gratis voorsien.

Prys: R799 per nag vir die hele Chalét (maksimum 4 persone). **(Pensionarisse en lesers van *Die Afrikaner* kry spesiale afslag!)**

Skakel ons by 076 563 3800 of bespreek by **vandegraafhenk@gmail.com** of besoek ons op Facebook.

Die video-gesprek en die doel daarvan

ER: Daarom is dit **in die beskerming van ons identiteit**, in die dinge wat vir ons betekenis gee, en die feit dat ons hierdie aflos-stokkie wat ons van ons voorouers ontvang het, vir ons nageslag oordra, waar(in) ons vervulling vind. Ons word begeester deur Christus se gebed toe hy op die vooraand van sy kruisiging gesê het dat Hy en sy dissipels geteiken word *omdat hulle in die wêreld maar nie ván die wêreld is nie*. En daarom doen ons die dinge wat ons vandag doen, nie vir onsself nie, ons doen dit vir ons ouers, en ons doen dit vir ons kinders. Maar net so belangrik, ons doen dit vir ons voorouers wat reeds gesterf het, ons doen dit vir ons nageslag wat nog nie gebore is nie.

> ***Kommentaar**: Ons bostaande kommentaar is ook hier van toepassing. Dit behoort 'n interessante oefening te wees om na te gaan welke Afrikanerleiers in die politieke geskiedenis sedert 1948 in der waarheid hierdie sentimente, hierdie oortuigings, uitgeleef het, en watter leiers die genoemde aflos-stokkie laat val het. Andermaal kan **hierdie stelling** van Ernst Roets as grondslag dien vir 'n **vrugbare besinning** oor die rigting wat ons as 'n volk moet inslaan om **die duursame dinge** in ons volkslewe oor te dra aan die volgende geslag. Dié stelling staan in kontras met die gedagte van vloeibare identiteite.*

'n Bydrae sonder staatkundige ideale?

ER: *En as ons die verantwoordelikheid opneem, as ons **ons plek op hierdie beskawingsfront** inneem en ons deel doen met wat ons vandag kán doen, mag ons dan ook besef dat ons nie net vir ons eie gemeenskap en ons eie voortbestaan werk nie, maar dat ons ook **waarde kan toevoeg vir die Westerse tradisie** – nie net hier op die be-skawingsfront aan die Suidpunt van Afrika nie – maar **in die uithoeke van die wêreld**.*

> ***Kommentaar**: Met dié stelling word die video-gesprek afgesluit. Andermaal val dit mens op dat die woord gemeenskap gebruik word en nie die woord Afrikanervolk nie. Dit strook met die narratief van die Solidariteitbeweging waarin daar gewoonlik nie van die Afrikanervolk, van Afrikanernasionalisme en van die Afrikaner se strewe na 'n eie staatkundige toekoms gepraat word nie. Die Afrikaners moet volgens Solidariteit hul toekoms binne vaag omskrewe "gemeenskappe" soek, in samewerking met ander ewe vaag omskrewe "gemeenskappe".*
>
> *Soos reeds gesê sal dit moeilik wees vir die Afrikanervolk om nog 'n betekenisvolle bydrae tot die Westerse tradisie te kan lewer, sonder 'n eie staatkundige toekoms en as 'n minderheid wat ingeknie moet lewe tussen die sowat vyftig miljoen swartes van die RSA.*
>
> *As 'n minderheidsgroep wat sy status as minderheidsgroep omhels; as 'n "gemeenskap" wat homself nie-rassig noem en **sonder onderskeiding tussen die rasse** wil lewe, sal die Afrikaners in die toekoms slegs vir uiters beperkte kulturele ruimtes kan beding en sal oorlewing alle energie verg. Dit is die scenario waarmee Afrikaners vandag gekonfronteer word, en wat rede vir diepe kommer is. Ons stem saam met wat dr. Ernst Roets aan die begin gestel het: "Ons kan nie bekostig om stil te bly oor Suid-Afrika en die Afrikaners nie." Daarom hierdie uitgebreide repliek op die video.*

Die Afrikaner

admin@hnp.org.za Tel.: 079 752 4898

Redakteur: Mnr. Henk van de Graaf vandegraafhenk@gmail.com

Medewerkers: Mnr. Andries Breytenbach, Mnr. Hermanus van der Schyff, Mnr. Rudolf Buitendach, Dr. Gideon Grobler, Mnr. Meinhard Peters, Mev. Alet Murray

Uitleg en tegniese versorging: Mev. Juanita Powroznik

Gevolgtrekkings opgesom

ER: *En as ons die verantwoordelikheid opneem,* ***as ons ons plek op hierdie beskawingsfront inneem*** *en ons deel doen met wat ons vandag kán doen...*

> ***Kommentaar****: Ek dink* ***ons kan saamstem*** *dat ons werklik 'n gesonde band met die verlede nodig het* ***"om ons plek op die beskawingsfront in te neem"****. Uiteindelik kom die spreker by hierdie belangrike slotsom uit, hier aan die einde van die video-gesprek. Ons kom nou ook aan die einde van die ondersoek na die geldigheid van* ***die drieledige identiteitsmodel****, naamlik die aanname dat 'n hele volk se identiteit (na 'n krisis-ervaring) skielik tot 'n einde sou kom en daar dan noodwendig* ***'n nuwe identiteit*** *uit die as verrys. Daar is nog baie daaroor te sê, en moontlik kom ons vorentoe terug om van die temas wat in die video opduik verder te bespreek. Ons kan egter belangrike gevolgtrekkings oor die model van* ***'n Eerste-, 'n Tweede- en 'n Derde Afrikaner*** *soos volg opsom:*
>
> *(1) Die model van "nuwe" identiteite wat telkens voorkom (blykbaar met die draai van elke eeu?) kan vir die jonger geslag van Afrikaners* ***baie misleidend wees en selfs skadelik****, omdat dit hulle verhoed om* ***die kontinuïteite*** *(die werklik duursame dinge) in ons volkslewe raak te sien; dit kan jong mense afskrik om dit aktief te ontdek en dit behoorlik na waarde te skat. Daar is kragte in die identiteit van ons volk teenwoordig, soos dit oor die eeue tot uiting gekom het, wat inderdaad stewige ankers vir die toekoms kan wees. Sonder ernstige aandag daaraan en die aktiewe oordrag aan volgende geslagte, verswak ons ons volk. Daarop behoort die klem veel eerder te val wanneer ons oor die toekoms praat, want anders bou ons op sand. Gelukkig kom die spreker teen die einde by 'n soortgelyke gevolgtrekking uit.*
>
> *(2)* ***Die drieledige model is in stryd met wat ons van ons eie geskiedenis weet****. Telkens slaan die kontinuïteit van Afrikaner-identiteit deur, veral met die kernwaardes wat oorgedra word en wat deur nuwe geslagte altyd met groot vertroue aanvaar word. Telkens het ons egter ook te doen met die twyfelaars en vyandelike veranderingsagente wat ons bande met die verlede wil afbreek. Vandag word ons bande met die verlede reeds op soveel terreine afgebreek. Om te kenne te gee dat die "Derde Afrikaner" heeltemal anders en nuut moet dink, is om 'n opening te laat vir die gedagte dat die verlede gerus maar geïgnoreer kan word. Dan word die geskiedkundige lyn maklik ter syde gestel.*
>
> *(3) Dit word nogtans nie betwis dat elke geslag (veral na krisistye of neerlae) op* ***nuwe uitdagings*** *moet antwoord nie; dat hulle dan deur omstandighede genoop word om takties en strategies nuut te dink oor sulke uitdagings. Dit is niks vreemd nie en kom natuurlik voor in ons geskiedenis; maar dit beteken hoegenaamd nie dat die grondwaardes, die karakter en die ingebore eienskappe van ons volk eensklaps verander het nie. Lê ons krag nie juis daarin dat ons ons sterkpunte uit die verlede kan aanwend om nuwe oplossings te ontwikkel nie? Lê ons krag nie juis in die vaste ankers van ons identiteit as Afrikaners nie? Lê ons inspirasie nie juis in die besef van 'n duursame karakter in ons volkslewe nie?*
>
> *(4) Wat is dan die volhardende eienskappe waarvan ons praat? Onder die belangrikste daarvan is* ***ons sin vir vryheid****. Dit was en is deurlopend volksgerig, nasionalisties van aard, ingestel op staatkundige vryheid binne 'n eie grondgebied. Dit was nog altyd republikeins en demokraties van aard. Dit was deurlopend diep gegrond in ons Christelike lewensbeskouing. Dit is nie dinge wat oornag na afloop van 'n krisis verdwyn nie. Dit is hierdie ankers wat ons telkens deur krisistye gedra het en wat inderwaarheid in ons kulturele gene ingegrif is. Sonder 'n staatkundige ideaal waarin volledige vryheid vir die Afrikanervolk voorsien word, sal die Afrikanervolk opgaan in 'n multi-kulturele en veelrassige orde, waarin die etniese ontbinding van die Afrikaners op die lange duur onvermydelik sal wees.*
>
> *(5) Daar bestaan vandag* ***diep verdelingslyne*** *tussen Afrikaners ten opsigte van hierdie duursame eienskappe en die vryheidsideale van ons volk. Dit is nie die resultaat van "verstaatliking" nie, maar dit is die gevolg van meer as 50 jaar van* ***lewensbeskoulike konflik*** *tussen konserwatiewe, nasionalisties-gesinde Afrikaners en 'n gedeelte van ons volk wat hulle van ons eie geskiedenis (ons groot verhaal) wou losmaak en wat in verligte, liberale terme aan "nuwe oplossings" vir ons tyd wil dink. Die slagwoorde is telkens "nuut" en "nuwe" en "vernuwing". Wat oud is moet*

vergeet word, wat oud is mag nie bygehaal word nie, wat oud is word veroordeel en selfs verwerp. Wat oud is word in die proses dikwels verkeerd verstaan en verkeerd voorgestel. Wat oud is word selfs as 'n ernstige morele aanklag teen ons Afrikaners se koppe gegooi.

(6) Dit het reeds ***groot skade*** *aan Afrikaners en hul Afrikaans-nasionale strewe gedoen, dat 'n betekenisvolle deel van die Afrikaners hul nie meer kan identifiseer met die woord VOLK en die grondslae van AFRIKANERNASIONALISME nie. Dit verteenwoordig in 'n wesenlike sin 'n vorm van abdikasie teenoor ons vorige geslagte. Die boodskap is: "Ons gee dit nou op!" So lyk die wrange vrugte van die* ***Nasionale Party se veranderingspolitiek*** *na die dood van dr. HF Verwoerd in 1966. Dit is die vrugte van die liberale politiek van die Verligtes wat gaandeweg as die beleid van die Nasionale Party aanvaar is, totdat die rampspoedige "hervormingspolitiek" van die 1980's tot 'n finale oorgawe gelei het. Die opvatting dat Afrikaners hul politieke mag moes prysgee ter wille van versoening met die terroristeleiers van die ANC het in 1990-1994 tot 'n dodelike kommunistiese rewolusie gelei. Daar is dan ook uitdruklik verklaar "dat die boeke van die verlede" toegemaak moes word. Hierdie gebeure moet in 'n ernstige gees onder oë gesien word. Dit is die belangrikste werklikheid wat dr Roets nie in sy video behandel nie.*

(7) ***Waarom is die Boshoff-Roets model van drie identiteite verkeerd?*** *Dit ignoreer 'n groot deel van ons eietydse geskiedenis. Dit plaas die blaam vir die ellende in ons land onder 'n swart meerderheidsregering — d.w.s. ons verlies aan politieke mag en ons verlies aan kulturele selfbeskikking — op al die Afrikaners van die vorige eeu, in plaas van waar dit hoort, naamlik by* ***die liberale leiers*** *wat Afrikaners na 1966 op die verkeerde pad gelei het om te dink dat hulle in 'n veelrassige bestel kan lewe as 'n minderheidsgroep. So werk dit nie in Afrika nie; en dit behoort almal reeds te geweet het voordat hulle in 1992 vir FW de Klerk se visie van 'n "nuwe Suid-Afrika" gestem het.*

In aansluiting by (6) hierbo, moet verder beklemtoon word dat die aanvaarding van die Afrikaners as 'n blote minderheidsgroep die volksbegrip in beginsel verwerp. Dit kom voor dat die beeld wat van die ***Derde Afrikaner*** *geskets word juis daartoe lei. In hierdie verband is dit goed om te luister na die profetiese waarskuwing deur NP van Wyk Louw (dié Afrikanerdenker wat veral deur die Solidariteit-beweging as 'n wyse kultuurleier geëer word) toe hy in* ***Augustus 1952*** *die volgende geskryf het: "Wanneer sal die tweede soort bedreiging van 'n volk se bestaan kan voorkom – die dat die meerderheid van die mense dit nie meer die moeite werd ag om as volk apart voort te gaan nie?* Begryp helder*: as volk; die individue elkeen, sou kon voortgaan – miskien selfs welvarend voortbestaan – maar hulle sou nie meer 'n onderskeie volk vorm nie; so sou ons, Afrikaners, elkeen los kon voortbestaan, maar opgeneem in 'n Angel-Saksiese of Bantoevolk... As ooit 'n miljoen van ons (en hoeveel is daar nie nou nie!) ernstig sou meen dat ons as volk nie nodig is nie, dan is dit klaar; dan sal ons opstreef deur 'n paar eeue, net so onherroeplik versand soos wanneer ons militêr oorrompel of deur massa-immigrasie toegeploeg word." In ons tyd word ons deur massa-immigrasie en die aanwas van Swartes toegeploeg in 'n eenheidstaat; en is die onheilspellende tekens reeds daar van die onvermydelike* ***versanding*** *waarvan Van Wyk Louw in 1952 gepraat het.*

(8) In die behandeling van die posisie van die ***Derde Afrikaner*** *word daar afskeid geneem van die* ***Republikeinse grondwet van 1961*** *en van die* ***beleid van afsonderlike ontwikkeling*** *wat daardie Republiek sterk, suksesvol en strategies byna onaantasbaar gemaak het. Die Republiek was alleen kwesbaar* ***op die vlak van leierskap****; sodat die verwydering van betroubare leiers gevare geskep het, ingrypende gebeure waarop ons in volksgeledere nie voorbereid was nie.* ***Dié bedreiging van verkeerde*** *leiers is een van die lesse wat ons baie gou moes geleer het. Daarby was dit voorspelbaar dat die beweging in die rigting van* ***rasvermenging*** *die ideale van 1961 sou vernietig; lees maar net weer dr. HF Verwoerd se Loskopdamtoespraak van 1965, waarin hy hierdie gevaar volledig en oortuigend behandel het.*

Beweging in die rigting van rasvermenging (die integrasie van die blankes met die gekleurde rasse) het meedoënloos en wetmatig uitgeloop op swart meerderheidsregering. Dit was die groot risiko wat deur konserwatiewe Afrikaners van vroeg af ingesien en begryp is. Die ***verligte, nie-rassige denke*** *is egter deur die Afrikaner se mediahuise dag na dag oor meer as 30 jaar verkondig. Dit was 'n herkenbare vorm van psigo-politiek waarteen die meeste kultuur- en politieke leiers in Afrikanergeledere nie opgewasse was nie. Hierdie gebeure in die twintigste eeu sal deeglik verwerk moet word in die heersende debatte in Afrikanergeledere, anders het ons nog nie die regte lesse geleer nie, en verstaan ons ook nie waarmee ons vandag te doen het nie.*

Woord en wêreld

God se kinders kan nie verlore gaan nie!

Deur Dr. Gideon Grobler



Skrifgedeelte: Johannes. 6:37 *Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie.*

Johannes. 6:39 *En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het, dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag.*

Oordenking:

Geagte Leser, hiermee die laaste van die reeks wat handel oor die grond waarhede van die geloof. Anders gesê: hierdie vyf oordenkings sê vir u watter geloof Jan Van Riebeeck hier aan die Suidpunt van Afrika kom plant het en ook in watter geloof die gelofte van Bloedrivier afgelê is!

Waarop is die volharding van die heiliges of dan die feit dat God se kinders nie verlore kan gaan nie, of nóg anders gesê: een maal 'n kind van die Here, altyd 'n kind van die Here, gegrond?

Die Calvinistiese leer sê: Almal wat deur God die Vader gekies is, regverdig gemaak is deur die Seun, wedergeboorte gegee is deur die Heilige Gees, vir ewigheid salig bewaar word ook deur die werk van die Heilige Gees.

Die Arminiaanse leer, leer dat hulle wat glo en waarlik gered is, kan hulle redding verloor as hulle(sélf) nie die geloof behou nie!

Kom ons gaan eers bietjie praktyk toe dan kom ons terug na die leerstellinge. Waarskynlik ken ons almal mense of minstens wéét ons almal van mense wat 'n gelowige lewe gelei en hul geloof openbaar verklaar het, of dit nou in die kerk of op Facebook was, maak nie saak nie, hulle het dit teenoor mense buitentoe verklaar. Later in hul lewens sien of hoor jy weer van hulle en dan is dit duidelik dat hul die pad verlaat het. Hoe dan nou, dit lyk tog of hierdie mense tóg verlore gegaan het?

Miskien is dit jou kind. Jy het hom of haar die weg van die waarheid geleer, maar dit is nie duidelik wat jy op daardie oomblik in jou kind se lewe sien nie. Húlle dink nie daar is fout nie, maar jy sien dat dit eintlik net 'n geloof van woorde is wat oorgebly het. Daar is nie toewyding nie, daar word nie moeite gedoen om die Here tot diens te wees nie. Heimlik hoop jy jy is verkeerd, maar jy sien niks wat jou seer hart gerusstel nie.

Ongelukkig is daar nie 'n swart en wit antwoord nie.

Die Bybel leer ons net die beginsels van die saak en hierdie beginsels is baie selde gekoppel aan enkelstaande geleenthede. Gewoonlik word oor tyd heen, en soms is hierdie tyd járe, voor dit duidelik word waar die mens, of dalk jou kind staan.

Om sekerheid te kry wat jy sien, vrugte van die vlees, of vrugte van die Gees, is nie noodwendig swart en wit sake nie. Iemand wat in die vrugte van die Gees leef, struikel ook en dan lyk dit dalk of hul in vrugte van die vléés lewe. Dus moet ons versigtig wees in ons beoordeling van die saak.

In die Dordtse Leerreëls Hoofstuk: 5 Paragraaf: 11. Lees ons: "… die Skrif (getuig)dat die gelowiges in hierdie lewe teen verskillende sondige vertwyfelings stry en, as hulle in ernstige versoekings kom, nie altyd hierdie volle geloofsvertroue en hierdie sekerheid van die volharding ondervind nie. Maar God, die Vader van alle vertroosting, laat nie toe dat hulle bo hul kragte versoek word nie, maar gee saam met die versoeking ook die uitkoms(1Kor.10:13), en deur die Heilige Gees maak Hy steeds weer die sekerheid van die volharding in hulle wakker (2Kor. 1:3,4)".

Twee beginsels waartussen ons 'n beoordeling moet maak:

1. Die uitverkore kinders van God kan nie verlore gaan nie! Behalwe die teksverse, lees en luister weer na Johannes 10: 27 & 29: *My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My. 28 En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. 29 My vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie.*

2. Toe iemand sy/haar geloof uitgespreek het, toe hulle dit bely het, was dit omdat God hulle getrek het (Joh.6:44) of omdat hulle gehoor het van 'n hemel en 'n hel! Hoe wonderlik dit in die hemel is en hoe ellendig dit in die hel is en oor selfsugtige redes het hulle besluit, t.w.v. hulsélf, dat hul nou gelowig is. Hulle het dit uit vrees vir die hel, selfsugtig self besluit! Toe om gelowig te wees darem te veel begin vra of toe wat die wêreld aanbied darem te mooi is, toe kies hulle weer vir die wêreld. (dink aan die gelykenis van die Saaier)

U hoor die verskil. Die een se basis is, sy fondament,

is die onveranderlike raadsplan van God en die ander een se basis, is sy eie besluite.

U sien, hierdie goed staan nie op die voorkop van mense geskryf nie. Ons kan nie in die harte sien soos God nie. Tog gee God die opdrag om sout van die aarde te wees. Ons moet bewaar. Ons moet help waar hulp nodig is, maar jy weet nie wat die persoon, of selfs jou eie kind se basis is nie. Dus probeer ons almal help.

Die Woord sê: as ek 'n kind van God is omdat Hy my een gemaak het, kan ek nie verlore gaan nie, ek kan struikel, ek kan val, maar nie verlore raak nie. Soms is hierdie val vir lang tye in my lewe, God sal egter nie toelaat dat ek uit sy genade uitval nie. Een of ander tyd sal daar weer, ware bekering wees en sal daar terugkom wees, voor ek te sterwe kom.

Dank die Here vir sy onsêbare genade!!!

As dit só is dat 'n kind van die Here nie kan verlore gaan nie, beteken dit mos dat ek as uitverkorene kan maak wat ek wil, ek sal hemel toe gaan, vra baie. Wie ook al só redeneer, staan duidelik, minstens op daardie stádium van die lewe buite Christus. Hoekom? Vir wie is hierdie mens wat sy lewe wil geniet, lief? Christus of homself? Duidelik hyself! Dié mens het duidelik nie 'n wedergeboorte ondergaan nie (waaruit jy waarlik lief word vir God) en, sê die Skrif: sonder die wedergeboorte sal niemand die Koninkryk van God sien nie!

Die antwoord is dus duidelik uit die Skrif: God se kinders wat Hy vir homself gekies, tot geloof en wedergeboorte gebring het, **kan nie verlore gaan nie**! Dit kan op stadiums lyk of die mens verlore gaan, maar God sal hom/haar in tyd weer tot ware bekering bring!

Gebed: *Ons Vader in die hemel, dankie vir u onuitspreeklike genade vir nietige sondaars wat U deur U Seun heiliges maak en bewaar!*

AMEN

Steenhuisen

(Van bladsy 1)

Intussen het Steenhuisen die voormalige DA-skaduminister van landbou, Annette Steyn, aangestel as adviseur in sy kantoor. Sy het 'n paar jaar gelede uit die politiek getree en saam met haar man gaan boer in die Kaap. Sy is bekend daarvoor dat sy erg krities is oor die gedwonge verskuiwings om die tuislandbeleid van dr. Verwoerd te laat slaag, en sy is op rekord dat sy glo dat baie onregte plaasgevind het wat reggestel moet word.

Dit is duidelik dat die landbou ministerie onder nuwe bestuur bloot 'n voortsetting van die ANC gaan wees.

Intussen is Steenhuisen in Brasilië waar hy die G20-taakspan bywoon "waar planne bespreek sal word wat moontlik hongersnood en armoede wêreldwyd sal verlig," en skynbaar gaan een of ander alliansie gevorm word om dié doel te bevorder.

Prominente figure in die landbou met wie ***Die Afrikaner*** gesels het, sê dat honger Suid-Afrika se voorland gaan wees as Steenhuisen voortgaan om die ANC se beleid uit te voer. "Dit is duidelik dat ons slegter af is as voor die algemene verkiesing," het een boer op die jongste algemene raadsvergadering van TLU SA gesê.

Veldbrand eis Boer

'n Bekende in die Waterberg-omgewing, mnr. Herman Nel (foto), is onlangs oorlede.

Mnr. Nel was bekend vir sy wa-bou kennis en vermoëns en was ook by die geselskap betrokke wat die Voortrekkerlewe fisies uitgebeeld het met waens en in Voortrekkerdrag, waarvan mnr. Dawid Grobbelaar, wat onlangs 'n plaasaanval naby Tzaneen oorleef het, die leier is.

Mnr. Nel was onlangs ongesteld gewees, maar die naweek het terroriste weer plase se veld aan die brand gesteek, en dit het ook gebrand by mnr. Nel. Hy het die vuur gaan probeer keer, en in die proses het hy 'n hartaanval gekry en is hy oorlede.

• Die HNP se hoofsekretaris, mnr. Hermanus van der Schyff, sterk nog in die hospitaal aan nadat hy 'n dubbele hartomleidingsoperasie gehad het.

Lesers sê hul sê

vandegraafhenk@gmail.com

Lesers is welkom om kort briewe en menings te stuur aan vandegraafhenk@gmail.com vir publikasie in *Die Afrikaner*. Die redaksie behou ten alle tye die reg voor om briewe te plaas of nie te plaas nie, of om briewe te verkort en taalkundig te versorg. Briewe met 'n lasterlike of kwetsende inhoud sal nie vir publikasie in aanmerking kom nie.

(Red.)

Quo Vadis, HNP?

Ek bly tussen twee vure. Soos die storie van die 97-jarige oom, toe hy gevra word, "Hoe gaan dit, Oom?" antwoord hy: "gemeet teen die alternatief gaan dit goed!".

Vuur 1. Bly weg stem reg.

Ek besoek onlangs die Museum Teater by die Voortrekkermonument. Die gehoor gaan fisies in groepies van net 10 op 'n slag vir 90 minute lank op 'n tydsreis geneem deur ons volksgeskiedenis. Dit sluit in die tye van ons grootouers, ons ouers en ook ons tyd. Alles begin by die terugkoms op die verskroeide aarde na die Tweede Vryheidsoorlog, gevolg deur die taalstryd in die klaskamer, dan die Rebellie, dan volg die Ossewa Brandwag, ekonomiese groei en vooruitgang, die politiek van die Republiek, die 60's, 70's en 80's, die Bosoorlog en dan word ons huidige stryd van geweld en Plaasmoorde skokkend realisties reg voor jou oë opgevoer. Reël gerus so 'n besoek wat slegs op bespreking gedoen word by die Voortrekkermonument. Dis asemrowend.

U kan gerus die museum teater beleef deur u plek te bespreek: **besprekings@kultuurtuiste.org.za** of **rolien@kultuurtuiste.org.za** Tel. 012 326 6770 of 067 940 0971.

Maar tydens hierdie besoek slaan die realiteit van relevansie van die HNP my tussen die oë. Die HNP en sy stryd word nêrens genoem nie. Nie eens tydens die 70's en 80's se uitbeelding nie. Mens kan seker maar 'n brief skryf en vra dat die party se betrokkenheid darem ook sy ereplek kry in die opvoering, of mens kan dit toeskryf aan "uit die oog, uit die hart". Hoe ook al, die vraag wat by my opkom is: "*Quo Vadis* HNP?' Ons weet waar jy vandaan kom, maar waarheen is jy op pad?

Dit is 'n voldwonge feit dat indien die HNP nie in 1969 gestig was nie, die land vir seker heel anders daaruit sou gesien het. Ook dat indien ons proporsionele verteenwoordiging geniet het, soos in die huidige bedeling, daar vir seker heelwat HNP LV's sou gewees het. Destyds moes jy jou kiesafdeling wen voor jy 'n plek in die parlement kon kry. Hieroor kan ure lank gedebatteer word, maar die HNP het gelei na die stigting van die KP, en kon die HNP die KP eerlik hou aan sy volksankers deur hom die regte(se) alternatief te wys.

In die 2024-verkiesing het die United African Transformation Party (UAT) met slegs 35 679 stemme een verteenwoordiger in die parlement gekry. In 1999 het die Afrikaner Eenheidsbeweging (AEB) een lid in die parlement kon kry met slegs 46 292 stemme.

Nou vra ek u as leser, wie hou die Vryheidsfront eerlik aan sy volksankers? Het hy nog enige volksankers oor? Daar is tans geen bewese regse party (met of sonder verteenwoordiging) wat kan aanspraak maak op meer as 10 000 lede nie. Dis die realiteit. Die HNP inkluis het irrelevant geword in Afrikanerpolitiek. Nou weet niemand eers dat daar mense is wat hulself wil ontkneg van die *status quo* nie. Selfs die VF Plus is nie eens meer opposisie nie. Dié van ons wat wel gaan stem het in die 2024 verkiesing, en wat onder protes maar gaan stem het vir watter party ook al, om net 'n teenstem te bring teen die ANC/EFF, besef ook nou dat daar 'n reuse kwantifiseerbare verteenwoordigende leemte in die politiek is, wat die onafhanklikheid-soekende Afrikaner se vryheidstrewe kan lei. Die VF Plus het niemand gehad wat hom kon eerlik hou aan sy oorspronklike waardes nie. Waaroor ek wel baie bly is, is dat ek met my stem gehelp het om die EFF op sy neus te laat sien. 'n Nie-stemmer kan nie daarop aanspraak maak nie. Waar die HNP nie-stemmer wel aanspraak op kan maak, en waarop ek nou nie kan nie, is dat hy deel uitmaak van die steeds ongekwantifiseerde alternatief.

As mens die stemme ontleed, was daar omtrent 40 000 000 mense wat 'n stem kon uitbring. Slegs 27 799 992 het geregistreer. Nou gaan ek die stoute skoene aantrek en die Nie-stemmers se stemme tel.

Stemgeregtigde kiesers	40 000 000 = 100%
Geregistreer	27 799 992 = 69.5%
Nie geregistreer (insluitende HNP Nie-stemmers)	12 200 008 = 30.5%
ANC-stemme	12 697 960 = 31.75%
DA-stemme	6 961 503 = 14.4%
MK	4 584 828 = 11.4%
EFF	3 090 020 = 7.7%
IFP	1 307 088 = 3.27%
VF Plus	455 657 = 1.13%
Ander saam 7%	
Bedorwe stemme	218 576 = 0.54%

As mens sou sê dat die HNP die nie-stemmers verteenwoordig, het die HNP slegs 497 682 stemme nodig gehad om die ANC te onttroon.

Vuur 2. Doen wat Oom Jaap gesê het en verkry politieke mag.

Nou gaan ek myself baie ongewild maak, maar hieraan is ek al gewoond, want ek dink uit die kassie en droom van oplossings en prosesse om ons Volk se vryheidstryd voort te sit, sonder om my te steur aan wat die mense sê.

Stel uself voor wat een lid in die parlement vandag vir die HNP kon beteken. Ons sou dit met 35 000 stemme kon bereik. En twee lede met 70 000. Dan het die HNP weer relevant geword met bewese steun en kon ons die saak van die vryheidstrewende Afrikaner-Boer vir die hele wêreld vertel het. Ons kon gewys het dat ons volk ‘n bewese ondersteunersmag het wat streef na ‘n alternatiewe politieke oplossing. Een wat soos ‘n goue draad deur die verlede na die toekoms lei. Slegs een HNP-LP wat nou kon sterk staan in die NSA-parlement sou ‘n werkbare volkseie staat as alternatief vir die huidige RNE kon bepleit, en ‘n basis skep waarop volgende verkiesings geveg kon word en meer steun verkry kon word, totdat ons die stryd kon wen deur wel ‘n deel van die land as vrye Boeregrond onder die Vierkleur te kry. U mag dalk dink ek leef in ‘n droomwêreld, maar net soos die politieke mag vir die DA, VF Plus en andere, nou in ‘n mate van gedeelde politieke mag verander het, kan dit vir die Boere-Afrikaner ook na vryheid lei.

Daar was 350 000 lede van die OB. Die HNP het ook al soveel stemme getrek. Met 350 000 HNP-stemme in die 2024-verkiesing kon die VF Plus met sy 219 035 onttroon gewees het as “Afrikanerparty”.

Ek droom, ek weet, want ek is ‘n dromer, maar drome met visie vorm ‘n toekoms. Ek sien geen politieke oplossing of alternatief vir ons volk se vryheidstryd nie. Ek sal my bly beywer vir ‘n binneparlementêre regse alternatief soos ek destyds met die AEB gedoen het, want gemeet teen die alternatief (geen regse binne-parlementêre opsie) is ons volk se vryheidstryd uitgelewer aan randeiers en heethoofde, “keybord warriers”, You Tube-“vegters” met hul eenman-protesaksies. Ek is siek en sat om een van hulle te wees. My grootste vrees is dat een van hierdie opkomende volksleiers met internet volgelinge ‘n gevolg opbou en hom- of haarself as die volk se verteenwoordiger by die stembus sou aanmeld. Dan is die HNP se laaste kans permanent daarmee heen. Ek het niks teen daardie strydgenote nie, maar die politieke en kulturele fondament kan slegs deur ‘n party soos die HNP daargestel word.

Ek droom, nee sien, ‘n reuse Boerevolk vryheidstrewende golf, maar die proses om ‘n aardplaat te skuif wat hierdie regse politieke skudding en gevolglike kulturele tsunami gaan ontketen, gaan nie van buite die politiek af kom nie. Dis 30 jaar na 1994. Daar het geen alternatief gekom nie.

Soms moet mens die historiese besluite weer beskou en beoordeel. Was om nie te gaan stem in 1994 die regte besluit? Ja, mits almal daarby sou gehou het, maar toe blyk die Vryheidsfront die swak skakel te wees in daardie besluit. Was die besluit om aan die 1992-referendum deel te neem die regte besluit? By terugskouing dalk nie, want FW de Klerk het nie volgens die politieke reëls en *bona fide* opgetree nie. ‘n Koos van der Merwe van die KP het dit ingesien en gewaarsku teen deelname. Dalk was hy toe reg. Netso kan ons vra of dit 30 jaar later, steeds die regte besluit is om nie te stem nie, en dit terwyl daar nog geen duidelike alternatiewe aksieplan is nie? Dalk is die antwoord dan nee.

Daarom daag ek u uit. Droom een oomblik saam met my en dink net wat 350 000 regse HNP-stemme in die verkiesing sou veroorsaak. Dit sou ‘n aardskudding in die witman se vryheidstryd ontketen het: een volksnasionalistiese aktivis wat kort-kort die trekpas uit die parlement kry as hy uitgesproke pro-blank en pro-Afrikaner is, en wat ons volk se regte met elke spreekbeurt opeis.

Ek daag elke leser uit om vir een maal jouself die vraag af te vra: Wat het my wegblystem reggekry en wat kon ek regkry indien daar ‘n binne parlementêre HNP-stryd gevoer was? Is dit nie tyd dat ons nou moet maak wat Oom Jaap gesê het nie, en dit is om die politieke mag te verkry? Nou is politieke mag heelwat makliker in die huidige bedeling en sal ‘n HNP stem nooit stilgemaak kan word as ons nou aktief en sigbaar toetree tot die stryd nie. En al kry ons oor vyf jaar van nou af geen persoon in die parlement nie, moet dit gemeet word aan die alternatief. Die HNP gaan nie meer oor vyf jaar bestaan nie. Sy getrouste ondersteuners sterf uit en die party kon geen bewese steun bymekaar maak nie. As ons nou al begin werk, sal ons die fondse bymekaar maak om die deposito’s te betaal en om ons mense se politieke hoop te herstel.

Kom ons debatteer hierdie gedagte openlik in ***Die Afrikaner***. Wegbly was vir 30 jaar ‘n strategie van die HNP, maar dit is nie beleid nie. Ek bepleit ‘n verandering van die strategie.

Dink net wat enige verkose verteenwoordiger sou kon doen as hy R100 000 per maand van ons eie belastinggeld kon verdien.

Hannes Scholtz
Faerie Glen
Pretoria

Die Afrikaner is bevoorreg om weer Sus Lettie se briewe aan Sus Katrien te kan plaas.

Alet Murray het hierdie briewe van ’n heelwat jonger Lettie aan ’n heelwat jonger Katrien geskryf vir ***Die Afrikaner*** in die vroeë tagtigerjare.

Almal het maar saam met die jare gestap, en Alet het ingewillig om die avonture van Lettie en Servaas weer op te tel waar hulle tans in ’n ouetehuis woon...

Liewe sus Katrien,

Ek het 'n groot deel van my lewe in die kombuis deurgebring. Nie omdat ek daarvan hou om te bak een te brou nie, maar mens moet tog kan eet. Nee wat, ek kook kos omdat dit my plig is, nie omdat ek lief daarvoor is nie. Om koek te bak met nat, taai deeg wat soms aan jou hande kom vasklou, is vir my eenvoudig 'n grillerige spulletjie. Ek ondersteun met groot waardering dames wat inkomste verdien uit die bak van koeke en terte en goeters.

Dis nou laatmiddag en hier sit ek by die kombuistafel. Op die stoof prut vanaand se groente en in die oond bak 'n lekker vet hoender wat ek, gelukkig klaar afgeslag en skoongemaak, by Gerendiena gekoop het. Ek verroer nie 'n voet uit die kombuis nie, anders val my oog op 'n stukkie naaldwerk of halfgeleesde boek en alle gedagtes aan 'n koskokery verdwyn soos mis voor die son. Totdat Servaas my kom vra of ek ook ruik dat iets brand, hy hoop nie dis 'n grasbrand nie. Dan bly ek maar stil van 'n kosbrand.

So met een oog op die pruttende potte, moet ek jou eers vertel van my kuier by Allegro. Die arme ding het vreeslik gesukkel om van haar griep ontslae te raak, toe gaan kyk ek gou of sy nie iets nodig het nie.

Allegro sit op die stoep by 'n tafeltjie en snik dat die trane spat. Rondom haar op die tafel, onder haar stoel en selfs op die trappies, lê 'n klomp wit kaartjies gestrooi. Party van hulle lyk taamlik nat en gehawend.

"Allegro, wat op aarde gaan vanoggend hier aan?" vra ek terwyl ek buk om die kaartjies te begin optel.

"Dis my 'Blaar in die Wind' waaraan ek gesit en werk het. Toe ek vir my gaan koffie maak het, het klein Victoria-donkie op die stoep geklouter en my kaartjies begin kou. Donkies eet mos alles," sê sy terwyl sy trane afdroog.

"Nou waar kom die blare in die wind vandaan? Gaan jy begin blare skilder of bestudeer jy bome voordat julle wildtuin toe gaan?" vra ek toe die laaste kaartjie opgetel is.

"Nee Lettie. Ek is die blaar en ek gaan 'n boek skryf oor die winde van die lewe wat my rondgewaai het. Ek dink elke oumens moet so iets doen vir die nageslag. Iewers mag iemand dit interessant vind."

"Sjoe dis mos 'n vreeslike groot werk. Is die kaartjies om jou goed op neer te skryf?"

"Ja ek het 'n kaartjie vir elke jaar van my lewe en nou het die donkie 'n paar van my jare opgevreet en ek moet die verlore jare weer iewers gaan uitkrap.

Ag dankie tog dat jy nou hier aangekom het en vir jou hulp ek voel sommer beter. Kom ons gaan maak koffie."

"Sit tog asseblief net weer jou kaartjies in hulle kartonnetjie."

Toe ek huis toe loop, begin my kop allerhande draaie dink. Allegro het gesê sy dink ek moet ook my lewe op kaartjies begin skryf, maar dis miskien beter dat ek wegbly van so 'n spulletjie. Buitendien, ek voel rêrig nie soos 'n blaar nie ek voel meer soos ‘n flenter resepteboek. Dan sal die naam van my lewenstorie seker boonop iets moet wees soos "Die Pruttende Pot".

Aggenee, die oond was te warm, daar trek die hoender se rokie al uit!

Groete ook aan ou Swaer.

Jou liefhebbende
Sus Lettie.



Die Afrikaner
sedert 1970

admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898

Debietorderopdrag

Titel: Prof. Dr. Mnr. Mev. Mej.

Van en Voorletters: _____

Adres: _____ Sel. _____

_____ E-pos _____

_____

Poskode: _____

ID Nr: _____ Datum: _____

AAN: *Die Afrikaner*, Posbus 18826, PRETORIA-NOORD, 0116.

Geagte Meneer **MY OOREENKOMS: MAANDELIKSE BYDRAE**

Die besonderhede van my/ons* bankrekening is soos volg:

BANK _____

TAKNAAM EN DORP _____

TAKNOMMER: _____ **REKENINGNOMMER**: _____

TIPE REKENING: **Tjek** **Transmissie** **Spaar**

BEDRAG: R _____ (_____**Rand**) in woorde

Ek/Ons* versoek hiermee, “dra dit aan u op”, en magtig u om my/ons* rekening by bogenoemde bank (of ‘n ander bank of tak waarheen ek/ons* my/ons* rekening mag oorplaas) met bostaande bedrag te debiteer ten opsigte van bogenoemde ooreenkoms op die 1e 16e dag van elke maand met ingang _____. Alle sodanige onttrekkings uit my/ons* bankrekening deur u word behandel asof dit deur my/ons* persoonlik onderteken is.

Ek/Ons* stem toe om enige bankkoste met betrekking tot hierdie debietorderopdrag te betaal. Hierdie magtiging kan deur my/ons* gekanselleer word deur aan die HNP skriftelik dertig dae kennis te gee, maar ek/ons* verstaan dat ek/ons* nie op ‘n terugbetaling van bedrae geregtig is wat u onttrek het terwyl dié magtiging van krag was nie. Die ontvangs van hierdie opdrag deur u word as ontvangs daarvan deur my/ons* bank (soos die geval mag wees) geag.

Onderteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 2024.

_____
HANDTEKENING

*Skrap wat nie van toepassing is nie